basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

## VRYSTAAT

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 25 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.

2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.

4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.

5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.

6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.

7. Aanvaar dialektiese variasies.

8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VRAAG 1**

**TEKS A: KOERANTARTIKEL**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | • Phahameng in Theunissen<br>• Phahameng<br>• Theunissen<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.2 | • Hy is 45 jaar oud.<br>• Hy is nie 'n seun nie.<br>• Hy is 'n grootmens/volwassene/(volwasse) man/oud.<br>• Hy is 'n pa./Hy is getroud./Hy het al 'n vrou/Hy het kinders..<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3 | • C<br>• baie mense wens hulle het sulke karre gehad.<br>• C baie mense wens hulle het sulke karre gehad.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.4 | • Uit die ongeluk ✓het daar vir Seun iets goeds gekom.✓<br>• Die ongeluk✓ het gemaak dat hy uiteindelik sy talent om karre te maak, uitgevind het.✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>*(Die kandidaat moet die "geluk" omskryf vir een punt en dan die ongeluk noem of sê wat die ongeluk was.)* | 2 |
| 1.5 | (Toyota) Hilux✓<br>Ford✓ | 2 |
| 1.6 | • Seun se seuns (Sabatha, Sello en Lebohang) help hom (om die raamwerk te bou).<br>• Seun se vrou (Elisa Lebona) help hom (met die die verfwerk).<br>• Almal in Seun se gesin/familie help hom.<br>• Dit is 'n familiebesigheid.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.7 | Hy tel dit op/gebruik rommel.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.8 | Gereedskap:<br>• Seun het nie die regte gereedskap gehad nie.<br>• Seun het nie sy eie sweismasjien gehad nie.<br>• Seun het net 'n tang gehad om sy draadkarre te maak.<br>• Seun het gesukkel om net met 'n tang sy draadkarre aan mekaar te sit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>EN<br><br>Afsetgebied – geen/onveilig<br>• Seun het nie 'n veilige plek gehad waar hy sy handewerk vir die publiek kon wys nie.<br>• Seun het nie 'n veilige plek gehad waar hy sy handewerk kon verkoop nie.<br>• Seun kon nie sy handewerk behoorlik bemark (wys en verkoop) nie.<br>• Dit was onveilig om sy handewerk langs die pad te vertoon/ verkoop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 1.9 | • Diewe/Misdadigers.<br>• Iemand kon hom langs die pad aanval.<br>• Sy geld of handewerk kon afgevat/gesteel word.<br>• Roekelose bestuurders (kon hom raakgery het).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | • A<br>• ... goeie dinge vir ander mense doen.<br>• A ... goeie dinge vir ander mense doen.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.11.1 | • B<br>• ... het die draadkar wat hy by Seun gekoop het, op sosiale media gewys.<br>• B ... het die draadkar wat hy by Seun gekoop het, op sosiale media gewys.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.11.2 | • A<br>• ... het Seun se probleem met gereedskap raakgesien.<br>• A ... het Seun se probleem met gereedskap raakgesien.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.11.3 | • C<br>• ... het vir Seun met vervoer gehelp.<br>• C ... het vir Seun met vervoer gehelp.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

Kopiereg voorbehou 

<table>
<tr><th>VRAAG</th><th>ANTWOORD</th><th>PUNT</th></tr>
<tr><td>1.11.4</td><td>• E<br>• ... het vir Seun gehelp om sy draadkarre by die skou uit te stal.<br>• E ... het vir Seun gehelp om sy draadkarre by die skou uit te stal.<br>(Enige EEN)</td><td>1</td></tr>
<tr><td>1.12.</td><td>• Dit het van Seun 'n goeie sakeman gemaak/Hy het sy eie bankrekening gehad.<br><br>Dit het hom die geleentheid gegee om sy handewerk ...<br>• te wys/bemark.✓<br>• te verkoop/landwyd af te lewer.✓<br>(Of soortgelyk aan bogenoemde)<br><br>Vir hierdie eksamen geld die volgende:<br>Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee korrekte antwoorde na, ongeag of die antwoorde in eerste/tweede sin staan.)</td><td>2</td></tr>
<tr><td>1.13.1</td><td>Party mense sal dink Seun is reg, want ...<br>• dis die gereedskapstuk wat vir hom geld inbring.<br>• as daardie masjien breek, sit hy weer met dieselfde probleem as voorheen.<br>• as hy die masjien uitleen, staan sy werk stil.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</td><td>1</td></tr>
<tr><td>1.13.2</td><td>Party mense sal dink Seun is verkeerd, want ...<br>• hy vergeet dat hy iemand anders se sweismasjien moes leen.<br>• hy moet die goeie dinge wat ander vir hom gedoen het, met ander deel.<br>• 'n mens behoort ander mense te help.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</td><td>1</td></tr>
<tr><td>1.14</td><td>(Toyota) Hilux</td><td>1</td></tr>
<tr><td>1.15</td><td>• Jy moet planne maak om jou situasie te verbeter.<br>• Jy moet positief bly/iets doen.<br>• Jy moet die beste van 'n slegte situasie maak.<br>• Jy moet met jou talente woeker.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</td><td>1</td></tr>
<tr><td>1.16</td><td>• Facebook het tot Seun se sukses bygedra.<br>• As dit nie vir Facebook was nie, het minder mense van Seun geweet./Facebook het vir Seun bekend/beroemd gemaak.<br>• Facebook het vir Seun onder die aandag van sy weldoener(s) gebring.<br>• Facebook het gehelp met die bemarking van Seun se handewerk.<br>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</td><td>1</td></tr>
</table>

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.17 | suid | 1 |
| 1.18 | (In) Kaapstad | 1 |
| 1.19 | Pretoria | 1 |
| 1.20 | bewolk | 1 |
| 1.21 | • D<br>• ... mense te help om hulle aktiwiteite en kleredrag te beplan.<br>• D ... mense te help om hulle aktiwiteite en kleredrag te beplan.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 1.22 | • Die wind gaan (40 km/h) waai.<br>• Dit gaan (gedeeltelik) bewolk wees./Die son gaan nie skyn nie.<br>• Dit gaan nie baie warm wees nie/net 22 grade.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
    - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
    - 3 punte vir taal
    - Puntetotaal: 10

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
    - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
    - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
    - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir- woord volgens vraestel.)
    - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
    - 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
    - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
    - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
    - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees tot aan die einde van daardie sin en ignoreer die res van die opsomming.
    - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

## VRAAG 2: WEES VEILIG WANNEER DAAR DONDERWEER IS

| | TEKS | VERWAGTE ANTWOORD |
|---|---|---|
| | **BINNE-IN DIE HUIS** | |
| 1. | Onthou, dan moet jy dadelik uit die stort of bad klim. | • Moenie bad of stort (terwyl daar donderweer is) nie.<br>• Klim dadelik uit die bad of stort. |
| 2. | Dit is verkeerd om voor 'n venster met oop gordyne te staan as dit buite blits en daar donderweer is. | • Moenie voor 'n oop venster staan nie.<br>• Bly weg van 'n oop venster.<br>• Maak die gordyne toe. |
| 3. | As dit buite blits en die weer dreun, moet jy nie besluit om iemand op jou landlyn te bel nie. | • Moenie bel as die weer swaar is nie.<br>• Dis gevaarlik om met 'n landlyn te bel (as die weer swaar is). |
| 4. | As die weer begin dreun, moet jy glad nie aan muur- of kragproppe raak nie. | • Moenie met muurproppe/kragproppe werk (as daar donderweer is) nie.<br>• Bly weg van muurproppe/kragproppe. |
| | **BUITE DIE HUIS** | |
| 5. | Dis waarom jy nooit onder 'n boom moet staan as daar weerlig is nie. | • Moenie onder 'n boom gaan staan (as daar weerlig is) nie.<br>• Bly weg van bome (as die weerlig slaan). |
| 6. | Jy is veilig, solank jy net nie aan enige metaal binne-in die voertuig raak nie. | • Moenie aan metaal in 'n voertuig raak (as daar weerlig is) nie. |
| 7. | As jy en jou maats buite saam is en die weerlig slaan, moet julle ver van mekaar af staan. | • Moenie naby ander mense staan as die weerlig slaan nie.<br>• Sprei uit as jy saam met 'n paar vriende buite is (en die weer swaar is). |
| | **GETAL WOORDE = 202 WOORDE (± 200 WOORDE – Disjunktief)** | **GETAL WOORDE = 49 WOORDE (50 – 60/65 MAKSIMUM)** |
| | | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:

    - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
    - By volsin-antwoorde word **verkeerde spelling** slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
    - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.

2. Sinstrukture moet **taalkundig** korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meerkeusevraag.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | gelukkig | 1 |
| 3.2 | • C<br>• Kom vier dit.<br>• C Kom vier dit.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 3.3 | Het jy daarvan gedroom?<br>*(Vraagteken moet daar wees om die punt te verdien)* | 1 |
| 3.4 | nuutste | 1 |
| 3.5 | joune | 1 |
| 3.6 | vriende<br>*(Spelling word getoets, variasies aanvaarbaar)* | 1 |
| 3.7 | piepklein | 1 |
| 3.8 | (Figuurlik).<br>Dit beteken om te onthou wat jy hoor.<br>*(Die korrekte verduideliking verdien die punt)* | 1 |
| 3.9 | gratis/kosteloos/pasella/mahala | 1 |
| 3.10 | vrolik**e** | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | ontevrede | 1 |
| 4.2 | rustig | 1 |
| 4.3.1 | sarkasme | 1 |
| 4.3.2 | stereotipering | 1 |
| 4.4 | in | 1 |
| 4.5 | oorfone | 1 |
| 4.6 | Hulle dink hulle **ken** hulle werk. | 1 |
| 4.7 | Die wurm sê dat hulle net wil speel. | 1 |
| 4.8 | slaag/deurkom | 1 |
| 4.9 | • C<br>• die matriekeksamen<br>• C die matriekeksamen<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | **TOTAAL:** | **10** |

**VRAAG 5.1: LEESTEKS**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | • 'n Treinongeluk het vroeg in 2018 naby Kroonstad plaas-gevind.<br>• Vroeg in 2018 het 'n treinongeluk naby Kroonstad plaas-gevind.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.2 | • Evert en Mokoni het baie mense na veiligheid gehelp, **al** is hulle net twaalf jaar oud.<br>• **Al** is hulle net twaalf jaar oud, het Evert en Mokoni baie mense na veiligheid gehelp.<br>• **Al** is Evert en Mokoni net twaalf jaar oud, het hulle baie mense na veiligheid gehelp.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.1.3 | Ma’s/ma’s | 1 |
| 5.1.4 | Hulle was ware helde. | 1 |
| 5.1.5 | Hulle behoort medaljes vir hulle dapperheid **te** kry. | 1 |
| 5.1.6 | Evert praat **S**otho wat hy by die tuinman geleer het. | 1 |
| 5.1.7 | Mokoni se perd **is deur** 'n bakkie **getref**. | 1 |
| 5.1.8 | Hulle het Makoni hospitaal toe geneem **omdat** hy baie seergekry **het.** | 1 |
| 5.1.9 | rivier**tjie** | 1 |
| 5.1.10 | plase | 1 |
| 5.1.11 | Soggens/soggens | 1 |
| 5.1.12 | • Ek klim op die **leer**.<br>• Ek het my baadjie wat van **leer** gemaak is, aan.<br>• Daar is 'n **leer** in haar kous.<br>*(Enige EEN – die betekenis mag net nie op" learn/teach" dui nie)* | 1 |
| 5.1.13 | Evert hou **nie** van die dorp **nie**. | 1 |
| 5.1.14 | • Evert en Mokoni **sal** vir altyd vriende **bly**.<br>• Evert en Mokoni **gaan** vir altyd vriende **bly**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

**VRAAG 5.2: PRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.2.1 | lug | 1 |
| 5.2.2 | reuk | 1 |
| 5.2.3 | • klavier<br>• piano<br>• klawerbord<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.2.4 | derde | 1 |
| 5.2.5 | bril | 1 |
| 5.2.6 | • uit(ge)mors<br>• (ge)mors<br>• (ge)stort<br>• uit(ge)gooi<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |

## AFDELING D: LETTERKUNDE

## *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

## VRAAG 6

## VERHAAL A: "'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | Wilgerspruit | 1 |
| 6.2.1 | • (dood)gelukkig/tevrede.<br>• Lang ritte was nie vir hom 'n probleem nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.2.2 | • Hy kon dinge rustig uitsorteer.<br>• Hy kon dink/antwoorde kry op sy probleme.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.3 | • A<br>• maniere gevind het om sy lewe goed te hanteer.<br>• A maniere gevind het om sy lewe goed te hanteer.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.4 | Die verteller wou vir Gouws by sy huis aflaai ...<br>• om dit vir Gouws makliker te maak/Gouws gouer by die huis te kry.<br>• omdat Gouws baie bagasie/los pakkies gehad het om te dra.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.5 | Ja.<br><br>• Dit sou makliker gewees het/my nog vinniger by die huis laat kom het.<br>• Ek sou vir my gesin verduidelik het waarom ek dit anders as gewoonlik gedoen het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>Dit is vir my belangriker om my gesin te verras/nie my gesin se afwagting teleur te stel nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.6 | unieke | 1 |
| 6.7 | • Gouws het met al sy bagasie afgestap huis toe.<br>• Die hond het hom eerste gesien en geblaf.<br>• Die kinders en die vrou het na Gouws toe gehardloop.<br>• Gouws het alles laat val om sy gesin te groet. | 1<br>1<br>1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.8 | 'n paar (dame)skoene | 1 |
| 6.9.1 | • B<br>• "Daar is vyf outjies."<br>• B "Daar is vyf outjies."<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.9.2 | • C<br>• "Ons skrik vir niks – bome, bosse, rotse, skuinstes, niks keer ons nie."<br>• C "Ons skrik vir niks – bome, bosse, rotse, skuinstes, niks keer ons nie."<br>*(Enige EEN)*<br>*OF*<br>• D<br>• "Jy dien jou naaste."<br>• D "Jy dien jou naaste."<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.9.3 | • A<br>• "Die kar loop lekker vinnig."<br>• A "Die kar loop lekker vinnig."<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.9.4 | • E<br>• "Ag, dis partykeer ongerieflik, maar daar is baie voordele."<br>• E "Ag, dis partykeer ongerieflik, maar daar is baie voordele."<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.10 | • B<br>• die Gouwsgesin was tevrede om mekaar vir net kort rukkies te sien.<br>• B die Gouwsgesin was tevrede om mekaar vir net kort rukkies te sien.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.11 | warmte en huislikheid | 1 |
| 6.12 | Ja.<br>• Dit was ver/moeite.<br>• Gouws het nie sy eie vervoer gehad nie.<br>• Gouws moes ryloop/op ander mense staatmaak om hom op te laai.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br>Nee.<br>• 'n Man behoort soveel as moontlik tyd saam met sy gesin deur te bring.<br>• Dis nie goed vir kinders om vir lang tye sonder hulle pa te bly nie.<br>• Dit was moeilik vir die vrou om die kinders alleen groot te maak.<br>• Sy gesin het na hom verlang.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.13 | Ja.<br>• Dit wys hoe bly die gesin was om mekaar te sien.<br>• Dit wys die gesin is so lief vir mekaar dat ander mense nie saak maak nie.<br>• Dit wys dat die gesin se ontmoeting presies verloop het soos die pa na uitgesien het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.14 | • Hulle het 'n groot/sonnige kamer gehad.<br>• Hulle was goeie kamermaats.<br>• Hulle het van hulle eie huisgoed in die kamer gehad.<br>• Hulle was nooit verveeld nie/het baie gehad om te doen.<br>• Hulle het goed met die ander inwoners oor die weg gekom.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 6.15 | lewensjare | 1 |
| 6.16 | Hulle het elke aand (stiptelik om halfses) **whisky as** hulle **medisyne** gedrink.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.17 | hartbroers | 1 |
| 6.18 | • C<br>• wat na die dood gebeur.<br>• C wat na die dood gebeur.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.1 | • C<br>• "Los dit, Willem!"<br>• C "Los dit, Willem!"<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.2 | • E<br>• "As 'n mens net kon weet wat anderkant wag."<br>• E "As 'n mens net kon weet wat anderkant wag."<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.3 | • D<br>• "Ek lê alleen op my kooi en ek lê soos ek wil."<br>• D "Ek lê alleen op my kooi en ek lê soos ek wil."<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.19.4 | • A<br>• "Bly dan maar stil, jong. As jy nou te opstêrs is."<br>• A "Bly dan maar stil, jong. As jy nou te opstêrs is."<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.20 | Ja.<br>• Hulle het hom ondersteun.<br>• Hulle het vir Jakob probeer troos.<br>• Hulle het seker gemaak dat Jakob nie alleen was nie.<br>• Hulle het vir Jakob kos kamer toe gevat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.21 | Ja.<br>• Hy was bereid om hoër/meer losies te betaal om alleen te kon bly.<br>• Hy het tyd nodig gehad om Willem se dood te verwerk.<br>• 'n Ander persoon sou nooit Willem se plek kon inneem nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde)*<br>OF<br>Nee.<br>• Dit was selfsugtig van hom om alleen in 'n groot kamer te wil bly.<br>• Daar was 'n lang waglys.<br>• Hy het iemand anders van 'n plek ontneem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.22 | • Omdat Willem nie gou genoeg geantwoord het nie, (het Jakob gedink dat daar nie lewe na die dood is nie.)<br>• Jakob se reaksie was maar dieselfde as die van die meeste mense./Die meeste mense twyfel maar op een of ander stadium oor lewe na die dood./Is onseker oor wat na die dood gebeur/vra vrae oor die sin van die lewe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.23 | (Vir) (ou) Andries | 1 |
| 6.24 | • B<br>• 'n vergelyking.<br>• B 'n vergelyking.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.25 | • Jakob en Willem het die ooreenkoms aangegaan.<br>• Willem is in die hospitaal oorlede.<br>• Jakob het probeer keer dat Willem by hom kom spook.<br>• Willem het die teken kom gee. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.26 | Willem het ...<br>• by hulle ooreenkoms gehou/'n teken kom gee.<br>• bewys dat hy 'n man van sy woord is.<br>• gedoen wat hy en Jakob ooreengekom het om te doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[40]** |

## VRAAG 7

## VERHAAL A: "DIE GEHEIM" – J. Van Melle

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1 | • Die meisie se/Haar ma<br>• Een van die matrose/seemanne<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.2 | Dou/Hy was besig om te lees. | 1 |
| 7.3.1<br><br>7.3.2 | Rotterdam<br><br>Kortjeen | 1<br><br>1 |
| 7.4.1 | • C<br>• ... se gedrag was aggressief.<br>• C ... se gedrag was aggressief.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.4.2 | • E<br>• ... se vinnige optrede het 'n lewe gered.<br>• E ... se vinnige optrede het 'n lewe gered.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.4.3 | • B<br>• ... kon nie stil sit tydens die bootreis nie.<br>• B ... kon nie stil sit tydens die bootreis nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.4.4 | • A<br>• ... het gesukkel om die drie kinders op die boot te beheer.<br>• A ... het gesukkel om die drie kinders op die boot te beheer.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.5 | iemand se lewe gered het. | 1 |
| 7.6 | • Sy kon Dou se naam gevra het/met hom gepraat het.<br>• Sy kon sy ouers gekontak het.<br>• Sy kon sy kontakbesonderhede gevra het.<br>• Sy kon vir hom iets gegee het uit dankbaarheid.<br>• Sy kon haar dogter aangemoedig het om hom later te bedank.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.7 | • C<br>'n metafoor.<br>• C 'n metafoor.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.8 | Dou was dankbaar/nederig, want ...<br>• hy het dit gesien as 'n geskenk van God.<br>• dit was vir hom lekker om te dink hy kon 'n lewe red.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.9 | • Leune en Dou het mekaar op 'n sendingfees ontmoet.<br>• Leune en Dou het verlief geraak.<br>• Leune en Dou is getroud.<br>• Leune het vir Dou haar geheim vertel. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.10 | • Dou en Leune het 'n goeie huwelik/verhouding gehad.<br>• Die stilte was nie a.g.v. negatiewe gevoelens nie.<br>• Die stilte tussen hulle het hulle nie gepla nie.<br>• Daar was stilte terwyl hulle besig was met alledaagse dinge.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.11 | • D<br>• Leune het skuldig gevoel omdat sy haar geheim vir Dou wegsteek.<br>• D Leune het skuldig gevoel omdat sy haar geheim vir Dou wegsteek.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.12 | Ja.<br><br>• Dit was nie vir Dou lekker om te weet dat sy vrou aan iemand anders/'n ander liefde gedink het nie.<br>• Dou het nie geweet dat sy vrou so iets vir hom wegsteek nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>• Dis menslik om soms aan iemand anders uit jou verlede te dink.<br>• Die feit dat Leune aan haar eerste liefde gedink het, het nie haar verhouding/huwelik met Dou benadeel nie.<br>• Dou het self 'n geheim gehad wat hy ook nie met Leune gedeel het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.13 | Ja.<br>• Dit het baie lank terug gebeur.<br>• Hy was die een op wie Leune verlief was.<br>• Sy het nie haar eerste liefde regtig geken nie.<br>• Hulle was gelukkig bymekaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br>• Sy het oor 'n ander man gedroom.<br>• Mense wat getroud is, moenie geheime vir mekaar hê nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**VERHAAL B: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.14 | • Hy het almal laat lag/was snaaks.<br>• Hy het mooi stories vertel.<br>• Hy het mense in hulle huise gehelp.<br>• Hy het hom nie laat onderkry nie/het almal altyd uitoorlê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.15 | • Hulle het getrou.<br>• Hulle het vaste werke gehad/was pligsgetrou.<br>• Hulle het vir hulle gesinne gesorg.<br>• Hulle was ouderlinge/diakens in die kerk.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 7.16 | • Oom Apie het gehelp met takies as hy gaan kuier het.<br>• Oom Apie het stukkende goed vir sy gasheer reggemaak.<br>• Oom Apie was lekker geselskap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.17 | • Hy het baie gestap.<br>• Hy het rivierklippies gesluk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.18 | Ja.<br>• Hy het besef dat geld vir haar belangrik was.<br>• Hy wou nie verantwoordelikhede hê nie.<br>• Hy het van sy vryheid gehou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br>Nee.<br>• Hy moes (soos sy familie) 'n normale lewe/vastigheid kry.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.19 | • Die jeugliefde se man het gesterf.<br>• Die jeugliefde wou met oom Apie trou.<br>• Oom Apie het by familie gaan raad vra.<br>• Oom Apie het uit die moeilike situasie ontsnap. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.20 | • C<br>• Oom Apie het 'n groot probleem gehad.<br>• C Oom Apie het 'n groot probleem gehad.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.21.1 | • C<br>• … sou nie wou hê oom Apie moet dieselfde fout maak as veertig jaar gelede nie<br>• C … sou nie wou hê oom Apie moet dieselfde fout maak as veertig jaar gelede nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.21.2 | • A<br>• … sou graag oom Apie se geheim wou uitvind.<br>• A … sou graag oom Apie se geheim wou uitvind.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.21.3 | • E<br>• … sou verkies dat oom Apie nie stories vertel waaroor hulle skaam kry nie.<br>• E … sou verkies dat oom Apie nie stories vertel waaroor hulle skaam kry nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.21.4 | • B<br>• … sou verkies dat oom Apie nie die familie in die skande steek nie.<br>• B … sou verkies dat oom Apie nie die familie in die skande steek nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.22 | Die titel pas so goed by die verhaal, want ...<br>• oom Apie is die wenner in die stryd.<br>• oom Apie het almal/die jeugliefde uitoorlê.<br>• dit het gelyk asof oom Apie nog vir die laaste keer gelag het na hy dood is.<br>• dit verwys na die spreekwoord, wie laaste lag, lag die lekkerste.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.23 | Ja.<br><br>• Jy moet getrou bly aan een man.<br>• Sy moes gekies het vir wie sy lief was/aan wie sy getrou wou bly.<br>• Sy het gekies om met haar man te trou.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>• Sy en oom Apie was net vriende.<br>• Sy wou die beste van twee wêrelde gehad het (geld/vriendskap).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.24 | • B<br>• Geld is nie die belangrikste ding in die lewe nie.<br>• B Geld is nie die belangrikste ding in die lewe nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.25 | • Hy het my laat lag/is prettig/snaaks.<br>• Hy het sy eie dinge gedoen.<br>• Hy laat my aan myself dink.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.26 | populêr | 1 |
| | | **[40]** |

## VRAAG 8: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Wilma (Botes) | 1 |
| 8.2 | • Hy het diere/klein katjies mishandel.<br>• Hy het (sy ma se werkgewer se) klein katjies (in die dam) versuip/in die dam gegooi/doodgemaak.<br>• Hy moes gemeenskapsdiens doen/dit was sy straf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.3 | • Hy wou nie sy selfoon wegsit nie.<br>• Hy wou nie die stalle skoonmaak/die perdemis optel nie.<br>M.a.w. hy het Wilma se opdragte geïgnoreer/geweier om haar opdragte uit te voer.<br>• Hy het gevloek/lelike woorde/kru taal gebruik.<br>M.a.w. hy het sonder respek/onbeskof teenoor Wilma/Bienkie opgetree.<br>• Hy het 'n vloermoer gegooi toe hy nie sy sin kry nie.<br>(*LW: Kandidate mag enige TWEE van die spesifieke antwoorde met die kolkarakters gee OF die twee samevattings onder m.a.*w.) | 2 |
| 8.4 | • Lucky kom op die plaas aan.<br>• Lucky en Wilma stry kort-kort.<br>• Lucky leer sy les.<br>• Lucky loop saam met die ander karakters in die rondte. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 8.5 | Binki bly by die ryskool omdat haar ma te besig is/haar pa oorsee (Australië) is.<br>(*LW: Kandidaat kan na ALBEI ouers verwys of net na een ouer om die punt te verdien.)* | 1 |
| 8.6 | • D<br>• dink hy kan regkom sonder dat iemand hom help.<br>• D dink hy kan regkom sonder dat iemand hom help.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.7 | • C<br>• vir die perde bang is.<br>• C vir die perde bang is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.8.1 | negatief | 1 |
| 8.8.2 | diere | 1 |
| 8.9.1 | • Wilma het probeer om Lucky te laat tuis voel/op sy gemak voel.<br>• Wilma het probeer vriendelik wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.9.2 | • Hy bedoel eintlik hy stel nie belang in wie Wilma of die perde is nie.<br>• Hy bedoel hy dink nie dit wat Wilma gesê het was belangrik of spesiaal nie.<br>• Hy bedoel hy verstaan nie waarom dit vir Wilma nodig is om haarself of die perde voor te stel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.10 | Hy wou wys hoe verveeld hy was met/hoe min hy belanggestel het in wat om hom aangaan. | 1 |
| 8.11 | Nee.<br>• Dit lyk asof hy net gaan doen wat hy wil.<br>• Mense soos Lucky wil nie leer uit hul foute nie.<br>• Hy het nie berou getoon nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br>Ja.<br>• Hy het diere mishandel en as straf moet hy diere versorg.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.12 | Ja.<br>• Wilma bepaal die reëls.<br>• Lucky wou nie luister nie/het daarvoor gesoek/is gewaarsku.<br>• Dit is 'n goeie straf.<br>• Die selfoon het sy aandag afgelei.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br>Nee.<br>• Dis nooit regverdig om iemand anders se besittings af te vat nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.13 | • Die gedeelte waar Lucky so lelik met Binki/Wilma is, maak my hartseer.<br>• Die gedeelte oor wat Lucky met die katjies gedoen het, maak my hartseer.<br>• Die gedeelte oor Binki se huis wat afgebrand het/hondjie wat doodgebrand het, maak my hartseer.<br>• Die gedeelte waar ek lees dat Binki se ma/ouers nie regtig vir haar omgee nie, maak my hartseer.<br>• Die gedeelte waar ek lees van Binki se brandwonde, maak my hartseer.<br>• Die gedeelte oor Wilma en haar perd, Grace, maak my hartseer.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die kandidaat moet na 'n insident verwys wat werklik hartseer-emosies aandui.)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.14 | Binki.<br>• Sy is hulpvaardig/ordentlik/vriendelik/saggeaard.<br>• Ek sal haar graag wil laat goed voel oor haarself.<br>• Ek voel so jammer vir haar en haar omstandighede.<br>• My ouers is ook te besig vir my.<br>• Ek voel ook selfbewus oor my lyf.<br>• Ons omstandighede is so eners./Ek verstaan haar probleme.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>OF<br><br>Lucky.<br>• Ek voel ook soms so oor my omstandighede./Ons sou kon saampraat oor ons omstandighede./Ek verstaan sy houding.<br>• Ek sal hom graag wil help.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.15 | "Wilma bly besig en draai weg van hom." | 1 |
| 8.16.1 | dronk | 1 |
| 8.16.2 | veld | 1 |
| 8.16.3 | gat | 1 |
| 8.16.4 | doodskiet | 1 |
| 8.17 | • Lucky kon sien dat alle mense foute maak./Lucky kan raaksien dat hy nie die enigste mens is wat al ooit foute gemaak het nie.<br>• Dit kon vir Lucky help om beter oor homself te voel.<br>• Lucky kon beter besluite neem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.18.1 | karakterontwikkeling | 1 |
| 8.18.2 | hoogtepunt | 1 |
| 8.19.1 | • C<br>• het vir Lucky van kleins af goeie maniere geleer.<br>• C het vir Lucky van kleins af goeie maniere geleer.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.19.2 | • A<br>• het gehoop Lucky sou uiteindelik leer hoe om met diere, veral perde, te werk.<br>• A het gehoop Lucky sou uiteindelik leer hoe om met diere, veral perde, te werk.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.19.3 | • E<br>• het vir Lucky geleer dat perde regtig dwarsdeur jou kan kyk en weet wat jy dink.<br>• E het vir Lucky geleer dat perde regtig dwarsdeur jou kan kyk en weet wat jy dink.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.19.4 | • B<br>• het Lucky se houding teenoor ryk kinders verander.<br>• B het Lucky se houding teenoor ryk kinders verander.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.20 | • D<br>• "Kaizer druk sy neus teen Lucky se skouer en Lucky staan vas."<br>• D "Kaizer druk sy neus teen Lucky se skouer en Lucky staan vas."<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.21.1 | Aan die begin het Lucky vir Kaizer uitgedaag/geterg/ slegte goed vir hom gesê/sonder respek behandel.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Spesifieke voorbeelde uit drama word ook aanvaar.)* | 1 |
| 8.21.2 | Nou toon hy respek/is hy spyt oor sy gedrag/wys hy hy is nie so grootmeneer nie/daag hy hom nie meer uit nie/is hy goed vir Kaizer.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Spesifieke voorbeelde uit drama word ook aanvaar.)* | 1 |
| 8.22 | Wilma vertrou nie vir Lucky nie.<br>Wilma weet dat Lucky diere mishandel./Wilma wonder dadelik of Lucky iets aan Kaizer gedoen het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.23 | Wilma is verbaas/geskok/glo nie wat sy hoor nie. | 1 |
| 8.24 | Nee.<br><br>• Lucky hou eintlik daarvan (om daar te werk).<br>• Lucky het baie dinge geleer (deur daar te werk).<br>• Lucky hou eintlik van die mense en die diere.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Ja.<br><br>• Lucky werk net daar omdat dit sy straf is.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 8.25 | Ja.<br><br>• Lucky is uiteindelik wat sy naam sê: hy is gelukkig.<br>• Lucky het vrede gevind.<br>• Lucky het geleer om mense en diere te vertrou/te respekteer.<br>• Lucky het van al sy vooroordele ontslae geraak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>EN<br><br>• Binki is gelukkig.<br>• Binki voel of sy nou deel is van 'n gesin.<br>• Binki is nie meer bang vir alles nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>• Lucky moet steeds gemeenskapsdiens doen.<br>• Lucky se gesin is steeds arm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>EN<br><br>• Binki se ouers gee steeds nie vir haar om nie.<br>• Binki woon steeds by ander mense.<br><br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Kandidate mag JA antwoord vir een karakter en NEE vir ander karakter)* | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[40]** |

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou